PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXV VRYDAG 6 MAART 1970 NR. 2

J. Heidema
KERKSTRAAT 48,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIÉ FIETSWINKEL

# MIN BESPREKING BY MASSAVERGADERING

**„'N DUIKWEG sal voor die einde van die eerste semester by die skool gebou word", was die treffendste aankondiging wat Donderdagaand op die massavergadering gemaak is. Ten spyte van 'n vol saal was die vergadering eerder 'n swygsame „sit-in" as 'n malgaan. Oorywerige eerstejaars het die saal gevul met lappe onwillige seniors tussen-in.**

## Opkoms baie goed

Die verwagting was dat die vergadering uiteraard nie veel vuur sou ontlok nie.

Daarby moes eers deur die taaierige tertkors van formaliteit gesny word om by die kern uit te kom. Die vraag ontstaan tog of die Studenteraad nie 'n poging kan aanwend om die tertkors meer verteerbaar vir die massa te maak nie.

**Die belangrikste punt op die agenda was natuurlik die nuwe grondwet van die Studenteraad. Dit het min bespreking ontlok. Amendemente is voorgestel (twee) wat albei aanvaar is. Die begroting is daarna voorgelees en dit is met die nodige eerbied deur die gehoororgane van die massa in die saal ontvang.**

**Konfederasie**

Verder het die S.R. besluit om oormatige desentralisasie teen te werk ten einde groter eenheid onder die studentmassa te bewerkstellig. Die studenteraad neem ook kennis dat ons eksterne verhoudinge deesdae in die brandpunt staan. Daar is die samesprekings met U.O.V.S. i.v.m. die komende intervarsity. Verder verneem die Pukke met groot dankbaarheid dat die geskil met U.P. oor „die Wapad" klaarblyklik uit die weg geruim is. Oor die beoogde konfederasie met die Maties as promotor, moet daar nog koppe bymekaar gesit en baie dinge uitgepluis word.

Met die algemene bespreking het die geesdrif weer so 'n bietjie opgevlam. Die aankondiging dat 'n duikweg voor die einde van die eerste semester gebou sal word, is definitief die beste nuus van 1970 tot op hede. Verder het 'n voormalige S.R.-voorsitter, mnr. Callie Coetzee, die studentemassa bedank vir hulle rasionele en waardige optrede tydens die onlangse H.N.P.-vergadering in Potchefstroom.

**Kafeteria**

Die studentemassa het ook met leedwese verneem dat die toestand by die kafeteria vir 'n onbepaalde tydperk nog status quo sal bly. Die boetes wat aan studentebestuurders opgelê is, vra ook onmiddellike hersiening (herwaardering) vir die regte van die student. Die beskikbaarheid van studentehandboeke en skryfbehoeftes het weer eens onder skoot gekom, maar die S.R.-voorsitter, mnr. Johan Kruger, het sy studentemakkers daarop gewys dat dit egter nie regstreeks onder die verantwoordelikhede van die S.R. val nie en dat die massa hier van hulle reg tot protes gebruik moet maak.

Die studentemassa het verdaag nadat hulle van die volgende belangrike punte kennis geneem het: die interfakultêre lesings; die A.S.B.-kongres wat vanjaar by die Port Elizabethse Universiteit plaasvind „Atties 70" se inter-universitêre vasvra waarin 'n voorgraadse span van die P.U. vir C.H.O. op 19 Maart teen 'n span van R.A.U. kragte meet.



**Mnr. Callie Coetzee, SR-voorsitter gedurende die vorige termyn, aan die woord tydens die massavergadering. Min studente het van die geleentheid gebruik gemaak om van hulle te laat hoor, alhoewel die saal stampvol was.**

**(Foto: Fotokuns).**

# *DIS NOU VERBODE*

**Studente mag onder geen omstandighede meer oor die spoor klim om op die kampus te kom nie. Die verbod is ingestel nadat 'n bouer mnr. C. F. Reineke Dinsdagoggend noodlottig beseer is nadat hy onder 'n trein beland het. Die foto van die studente is Maandagmiddag geneem.**
**(Foto: Fotokuns).**



# PLANNE VIR DUIKWEG GOEDGEKEUR

**HIER IS BAIE goeie nuus vir die studente wat in die koshuise oorkant die spoor bly! Uiteindelik is die planne vir die bou van 'n duikweg by die treinspoor, deur die Spoorweë goedgekeur.**

Mnr. H. A. Labuschagne van die Departement Ontwikkeling het bekend gemaak dat die goedgekeurde planne ontvang is, en dat daar reeds gevra is vir tenders.

Tenders is Dinsdag toegeken en sekerheid sal binnekort verkry word oor die koste en die datum wanneer met die bouwerk begin sal word.

Die duikweg sal gebou word 'n bietjie verder noord as die paadjie wat die studente nou gebruik om oor die treinspoor te kom, om tussen die Hoofgebou en die Totiussaal uit te kom. Omdat die duikweg so 'n groot noodsaaklikheid is, sal daar ook gepoog word om dit voor die aanvang van die tweede semester voltooi te hê.

Die planne is reeds verlede jaar deur die Universiteit goedgekeur, en in Oktober is dit aan die Spoorweë gestuur. Verlede week is die planne teruggekry, en so gou as moontlik sal met die bouwerk begin word. Al die koste wat die bouwerk mag beloop, word deur die Universiteit gedra.

Nagenoeg 800 studente beweeg elke dag heen en weer oor die spoor. Die duikweg sal uitsluitlik vir voetgangers en fietsryers wees, en geen probleme word met die dreinering verwag nie. Die veiligheid en die gerief van die studente sal egter met die voltooiing van die duikweg verseker wees.

Intussen moet die studente wat in die koshuise oorkant die spoor woonagtig is nog steeds oor die spoor klim

# WEER 'N NOODLOTTIGE ONGELUK BY SPOOROORGANG

**DIS MET geskokte gemoedere dat almal op die kampus verneem het van die derde ongeluk by die spooroorgang, in 'n tydperk van minder as twee en 'n half jaar.**

Die twee voetgangers by die ongeluk betrokke, was mnre. J. C. Reyneke en Vorster, beter bekend as Vossie. Mnr. Reyneke is noodlottig beseer en was op slag dood, terwyl mnr. Vorster in 'n kritieke toestand in die hospitaal opgeneem is.

Mnr. Reyneke is net die vorige dag in diens geneem as assistent werksopsigter vir mnr. Vorster. Die oggend voor hulle na die werkery by Karlien wou gaan kyk, het mnr. Vorster nog vir mnr. Reyneke sy posbus in die administrasie gebou gaan wys.

Daar kan nog nie met sekerheid gesê word hóé die ongeluk plaasgevind het nie. Die vermoede bestaan dat hulle gewag het vir 'n trein vanaf die suide om verby te kom, direk daarna oorgestap het en toe in 'n trein vanaf die noorde vasgeloop het. 'n Ander teorie wil hê dat hulle vir 'n goederetrein gewag het, direk daarna oorgestap het en toe deur 'n dieseltrein, kort agter die goederetrein en op dieselfde spoor, gevang is.

Gesien in die lig van die feit dat hierdie spooroorgang meestal deur studente oorgesteek word, wat op hulle beste maar onverantwoordelike wesens is, behoort hierdie ongeluk weer eens die nypende behoefte aan 'n oorweg by die spoorweë in te skerp.

## Daar he'jy dit



**Moet massa-vergadering nie herdoop word tot massa-dood nie?**

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# Kulu en Thaba Jäh begrawe

**„VAN DIE damesatmosfeer wat Kulu en Thaba Jäh soveel jare gekenmerk het, het niks oorgebly vandat ons hier ingetrek het nie!" So gesels die manne van Drakenstein by wie 'n paar menings hierdie week ingewin is.**

In die koshuise self is daar natuurlik nog baie tekens dat daar verlede jaar dames in gewoon het, maar geen geheime gees of atmosfeer het nog inbreuk gemaak op die gees van die manne nie. Dit wil dus lyk of die dames die geheimsinnigheid wat eie aan hulle is, met hulle geneem het toe hulle die koshuise verlaat het.

Daar is natuurlik heelwat klagtes oor dinge wat die mans moontlik kan herinner dat daar wel dames gebly het. Mnr. S. Steyn meen dat dit darem baie geriefliker was in die „ou" Drakenstein, nou bekend as Heide. Die was- en „swot"-geriewe is blykbaar nie van die beste in Thaba Jäh nie. Tog erken hy dat hy, net soos die dames van verlede jaar, baie lief sal kan word vir die koshuis.

Mnr. A. van der Walt sê dat behalwe vir die badkamers en die baie spieëls in die kamers, hulle ook nie vrees het dat daar nog dames (of geeste van dames), in Kulu te vind is nie. Mans kyk blykbaar nie te veel in 'n spieël nie, en die meeste het gekla dat hulle ongemaklik voel oor die groot hoeveelheid spieëls in die slaapkamers. Of is dit moontlik dat hulle skrik?

Mnr. C. Delport, en ook ander mans, kla baie oor die ernstige tekort aan spieëls en storte in die badkamers. Die diefwering en die klein vensters herinner hulle ook aan die feit dat daar nie verlede jaar mans in die koshuise gewoon het nie. Die kleure van die kamers se mure is vir die manne ook blykbaar 'n steen des aanstoots, want waar het mens nou al gehoor van mans wat in kamers met pienk mure en groen plafonne bly?

Mnr. D. du Plessis meen dat Thaba Jäh vir hom 'n beter mans- as dameskoshuis is, want die plek laat hom voel asof sy voorvadere ook daar gebly het. Veral die boustyl laat hom voel dat menige manne voor hom al daar geswoeg het. Mnr. F. Rossouw is van mening dat enige spoor dat daar wel dames was, uit die weg geruim kan word deur net 'n paar veranderinge in die koshuis aan te bring.

Heelwat van die mans het gesê dat Kulu 'n beter dameskoshuis sal wees, veral na aanleiding van die boustyl. Andere het egter heftig gestry dat die dames die nuwe luukse koshuise verdien, en dat hulle baie gelukkig is in Kulu en Thaba Jäh.

Met uitsondering van een of twee mans, is die algemene mening dat Drakenstein 'n eenheid sal bly, ten spyte van die feit dat hulle in twee koshuise moet tuisgaan. Dit is egter vir almal duidelik dat so 'n toestand egter nie te lank kan voortduur nie, omdat daar mettertyd wel verdeeldheid sal kom.

Die grootste blydskap heers oor die feit dat die koshuise so sentraal geleë is, en soveel nader aan die klasse. Maar nou moet die dames weer soveel verder loop.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria

# WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## Ons begin besef wat afsonderlike ontwikkeling inhou

Terwyl die verkiesingspot al hoe hewiger gestook word, word die bestanddele van die bredie by die dag meer en meer. Afsonderlike ontwikkeling (die mislukkings en die afwykings); mee- en afluistering; amptelike geheime, amptelike tale en tweede tale; immigrante en Amerikanisme is maar 'n paar van die kwessies wat op 'n eie besonderse ingespan word in die hoop om ons land te red.

Wat ookal die trefkrag van hierdie vraagstukke, sal baie seker met my saamstem dat ons bevolkingsvraagstuk weer die verkiesing, soos in die verlede sal oorheers. So kan 'n mens met veiligheid beweer dat al die politieke partye in ons land op hierdie stadium sommige aspekte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling begryp. Ons vind selfs al die verskynsel dat dit begin deurskemer dat hervestiging van bantoes in die bantoetuislande een van die belangriker, alhoewel nie die gewildste, aspekte van die beleid is.

Hier eindig die nuwe insigte in die beleid van afsonderlike ontwikkeling egter (andere noem dit nog apartheid). Dat hervestiging van groot getale bantoes ook ontwikkeling van die tuisgebiede verg, is darem te ver geleë van dit wat ons daaglikse bestaan raak.

Ontwikkelinge wat daar wel plaasvind word nie genoem as die beskeie begin van 'n nasionale taak nie, maar word ingespan in die veldtog dat bantoes ten koste van blankes bevoordeel word.

Dat die relatief groot bedrae geld wat bestee word aan bantoeonderwys miskien die begin is van die opofferinge wat gemaak word om die beleid deur te voer, word nooit eers genoem nie. Gelde wat aan bantoeonderwys bestee word is dan juis een van die keurigste happies in die verkiesingstryd.

Wat ookal die uitslag van hierdie verkiesing, is dit noual duidelik dat ons nog 'n lang pad sal moet loop voordat ons die volle konsekwensies van afsonderlike ontwikkeling sal besef en aanvaar.

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS

Spesiale diens

Voor 12 vm. dieselfde dag

Kollektante in koshuise

'n Persoonlike Uitnodiging aan U

Ons was genoodsaak om op 'n stadium toe die Universiteit reeds heropen het, op hoogste vlak bestuursveranderinge aan te bring. Mnr. Dries van der Walt is nou aangestel as besturende direkteur.

Dit het gebeur dat sommige studente sekere studieboeke nie by ons kon kry nie. Ons besef dat dit vir beide studente en dosente ongerief veroorsaak het. Ons is baie jammer dat die omstandighede so was.

Ons kan u die versekering gee dat alles in die werk gestel word om binne 'n redelike tyd alle uitstaande bestellings uit te voer.

Gedurende die afgelope 3 weke was ons egter reeds instaat om die meeste van die probleme wat ontstaan het in 'n groot mate op te los. Vir u geduld is ons baie dankbaar.

Nuwe voorrade bereik ons daagliks en word stiptelik afgelewer.

Ons rig nou hierdie persoonlike uitnodiging tot u om enige probleme wat u met die verkryging van studiemateriaal mag ondervind, met mnr. Dries van der Walt te kom bespreek. Hy is nou tot u beskikking en ons sal dit waardeer as u van sy dienste gebruik sal maak.

Nogmaals baie dankie vir u geduld!

PRO REGE

S. DU TOIT,
VOORSITTER.
PRO REGE-PERS BEPERK.
DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL.

Direkteure: Proff. S. du Toit, S. P. van der Walt en H. Venter, mnre. H. P. E. Thiel, K. J. Turkstra, H. Turkstra en A. J. van der Walt. (Besturende direkteur).



**Mnr. I. C. Unna (middel) konsul generaal van Israel in gesprek met 'n paar geleerdes voor sy toespraak tydens die PNB vergadering. Op die foto is mnr. J. J. van Tonder, prof. C. P. van der Walt, mnr. Unna, mnr. A. M. van Schoor en prof. S. J. du Plessis. (Foto: Fotokuns)**

# KONSUL - GENL. RAPS GROOTMOONDHEDE

**„NIE EEN VAN die vier groot moondhede begeer werklik 'n skikking van die Midde-Oosterse krisis om onselfsugtige redes nie„, het mnr. I. D. Unna, Konsul-generaal van Israel in Johannesburg op 'n P.N.B.-vergadering gesê.**

Vir die Russe is dit hier die imperialistiese en nie die ideologiese uitbreiding wat van belang is nie. Hulle is bereid om die Kommunistiese Partye in die Midde-Ooste op die altaar van Sowjet-imperialisme te offer. Frankryk probeer om na sy Algerynse nederlaag weer sy prestige in die Arabiese wêreld op te bou. In die proses speel hy nou die rol van 'n junior-vennoot van Rusland. Die verskaffing van 150 Franse vliegtuie aan Libië is belaglik omdat Libië oor presies sewe opgeleide vlieëniers beskik.

**Van almal is die V.S.A. miskien die heel eerlikste in sy poging om 'n skikking te probeer bewerkstellig, maar net omdat hy besef dat Israel miskien die laaste Westerse front in die Midde-Ooste is. Israel het egter uit die Nazi-verdrukking, Tjeggo-Slowakye en die oorgawe van Biafra geleer dat die simpatieke wêreldmening in krisistye 'n passiewe vennoot is en dat eie krag die swaarste weeg.**

Mnr. Unna het verklaar dat dit in hierdie stadium baie moeilik vir die Israeli's is om nugter en onbevooroordeeld oor hulle situasie te besin. Hy meen ook dat konflikte in die internasionale politiek in twee kategorieë verdeel kan word, nl. simmetriese konflikte soos dié tussen Indië en Pakistan oor die Kashmir-gebied, en assimetriese geskille soos dié tussen die Arabiese lande en Israel.

**In hierdie geval gaan dit om die grondgebied wat deur een van die twee geokkupeer word. Die blote bestaan van 'n land soos Israel word deur die Arabiese wêreld ontken.**

**Baie trots**

Mnr. Unna soek die verklaring van die gesindheid van die Arabiese volkere in hulle geskiedenis en kultuur. Dit is 'n basiese eienskap van die Arabiere dat hulle baie trots is. Die trots is nie onregverdig nie. Die Arabiere het 'n belangrike bydrae tot die wêreldkultuur gelewer. Tog het hulle sedert die Renaissance al hoe meer op die agtergrond geraak. Die gevolg is dat belangrike keerpunte in die moderne geskiedenis hulle verbygegaan het, soos die Franse en Industriële Rewolusie. Die twee wêreldoorloë het hulle egter uit hul feudale slaap geskud om weer eens na die buitewêreld te beweeg. Die fout is dat hulle nasionale onafhanklikheid as 'n soort utopiese toestand sien. Hulle ontnugtering was groot. Nasionale onafhanklikheid het net groter probleme gebring. Al hierdie dinge verklaar die

★ Vervolg op bladsy 5




**Mnr. Christo Piek besig om 'n wysheid kwyt te raak tydens die verwelkomingsdinee vir die eerstejaars. Mnr. Piek was die seremoniemeester en was ook verlede jaar hoofdirigent tydens die Intervarsity.**
**(Foto: Fotokuns).**

**Onder die nuwe intrekkers in die koshuise is daar twee dames wat al amper vergeet het dat hulle op skool was. Hulle is mej. Tuoui Penanner en mevr. Fokkins en is albei inwoners van Klawerhof.**
**(Foto: Fotokuns).**



## Is parkeer-boetes by die dam die volgende?




# Oumatjie en 'n Fin in Klawerhof

**TUSSEN DIE senior-eerstejaars van Klawerhof het daar twee baie interessante persone tevoorskyn gekom. Hulle is mej. Tuovi Kaarina Penannen van Finland en mev. A. J. M. Fokkens, ouma van vyf.**

Tuovi se ouers is Finse sendelinge wat ten tyde van haar geboorte in Suidwes werksaam was. Sy is toe in Tsumeb gebore. Nadat sy in Swakopmund in die Duitse Skool was en daarna 12 jaar in 'n dubbelmedium skool, het sy in 1947 saam met haar ouers teruggekeer na Finland, waar haar vader gereis het om geld in te samel vir die Finse sending in Suidwes. Sy het haar hoërskoolloopbaan in verskillende dorpe in Finland voltooi.

Aan die Universiteit van Helsinki, wat toe 30,000 studente gehad het, het Tuovi in 1963 'n graad in die Teologie behaal. Sy is toe na Ovamboland met die oog daarop om vir ongeveer twee maande daar sendingwerk te doen. Daarna sou sy na Suid-Afrika kom. Tuovi het egter sewe jaar in Ovamboland gebly.

Sy het skoolgehou by die pragtige staatskool te Ongwediva, waar 225 leerlinge op daardie stadium skoolgegaan het. Omdat sy graag in die kerk se privaatskool te Oshigambo wil gaan onderwys gee, wou sy haar eers deeglik bekwaam vir die onderwys, en daarom het sy nou ingeskryf vir U.O.D.

Tuovi praat reeds vlot Afrikaans, maar loop maar lig vir die klasse wat sy in Afrikaans sal moet gee. Sy reken dat dit in Ovamboland veel makliker sal wees. Verlede jaar het sy 'n ruk lank in Londen gebly, waar sy Engels gestudeer het.

Tuovi het ook 'n belangstelling in musiek. In Ovamboland het sy musiek gegee aan Bantoe-leerlinge. Sommige van hulle het so ver gevorder dat sy saam met hulle duets vir vier hande kon speel.

Volgens Tuovi is 1970 'n baie belangrike jaar vir die Finse Sending in Ovamboland. Dit is nou presies honderd jaar sedert hulle daar begin arbei het. Oorspronklik is daar net onder die Ndonga-stam gewerk, en toe later onder die sewe ander stamme. Vandag is daar talle verpleegsters, dokters, maatskaplike werkers, asook 'n drukkery. Daar is ook 'n naturellebiskop en kerkraad. Die beleid is om die Bantoes sover moontlik te leer om die verantwoordelikheid self te dra. Die Finne is slegs toesighouers.

**OP KANSEL**

Tuovi vertel dat vroue in Finland dieselfde eksamen van die sinode kan aflê as mans. Hulle word egter nie geördineer nie, maar word lektors, wat dan ook die kansel mag bestyg. Hulle mag egter nie altaardiens verrig nie.

Mev. Fokkens, ook van Klawerhof, is ingeskryf vir die diploma in Biblioteekkunde. Sy het die afgelope veertien jaar onderwys gegee aan die Laerskool Monument te Krugersdorp. Sy het egter belanggestel in die Biblioteekwese en het toe i.p.v. langverlof te neem, besluit om te kom studeer. Terwyl sy skoolgehou het, het sy ook Engels gestudeer by UNISA.

Mev. Fokkens het haar huis verkoop en gaan nou geheel en al op in die koshuislewe. Sy vind die aanpassing glad nie moeilik nie, omdat sy self reeds vyf kinders grootgemaak het en vyf kleinkinders het. Haar man is vyftien jaar gelede oorlede.




Ja en dis nou soos ek lyk. Ek wat julle so lekker beloer en sonder enige seremonie of skaamtegevoel julle naampies neerskryf. Toevallig is ek een van julle, ek beweeg onder julle en soos julle kan sien is my ogies wawyd oop. Julle weet hierdie bittersoet studenteliefde en slepery is my kos!!

Ek was ook verlede week op die massavergadering gewees, maar ek het nie vir **Neels Smit** en **Hettie Steenkamp** daar gesien nie. Ek wonder wat het hulle gemaak

Onder die blinkogiges op die galery was ook **Marietjie Malan** en **Johan Hoogendyk. Japie en Wilma Venter** (nee jong, hulle is nie getroud nie; albei is gebore Venter) vind die liefde, nes baie ander, 'n aangename tydverdryf.

**Wytse van Wyk de Vries** sleep eens so lekker met **Augusta** en met **Christine van den Bergh** aan sy sy, weet ek nie of **Louis de Klerk** veel gehoor het van die agendapunte en Studenteraadsgrondwet nie.

Nog 'n konstante verskynsel is **Rehta Coetzee** en **Gustav Röhrs.**

Die spreekwoord sê: jy vang 'n man met die poeier en jy hou hom met die bakpoeier; maar so in die stilligheid wonder ek of dit nie **Rina** se stem is wat vir **Rennie** gepootjie het nie?

So terloops, het een van julle dit al gewaag om vir **Louis Vorster** te vra of hy vassleep? Daardie gesig!!!

**Christo Piek** het gestruikel oor 'n diamant en in sy soeke na vashouplek, het hy **Ria de Kock** gesorg dat sy daar is.

**Adri Myburgh** is stadig maar seker besig om vir **Abri le Roux** die sloot in te trek. **Mevrou Venter** en **Frans** sit reeds pens en pootjies in die sloot. En wat sal meneer die sekretaris nie onder die agendapunt personalia invul nie? **Gert Smit** het hom met **Mevrou** Smit in die huwelik begewe — dap-per man . . .!

**Japie Spoelstra** en **Hester Botha** sê maak nuwe vriende maar behou die oues. **Ferdie Postma** hou van blondines en **Martsophié** is blond. Eenvoudig nè!

Verder kan ek nie help om hulde te bring aan baie van die oudames wat dese jaar as graswewees sal moet deurbring nie. **Annemarie van der Walt** en **Marthie le Roux** se **Willie Coetzee** en **Charles Simpson** bevind hulle in die Jakarandastad. En arme **Marietjie van Zyl** is al moeg getreur Durban toe. Dis waar **Alec** arbeid.

Ten slotte 'n woordjie opgedra aan al die eerstejaars: onthou julle het PUK toe gekom om te swot en **nie** om te sleep nie.

Haai nouja, nou groet ek maar vireers. Ek hoop nie die feit dat julle nou weet julle word dopgehou jaag julle donker toe nie!

Cheers!

die WAPAD

VRYDAG 6 MAART 1970

# Studenteraadskonstitusie

Die pas afgelope massavergadering het aan die reglementering van ons studentelewe 'n goeie begin gegee. Daar kan nouliks aan 'n bevredigender toestand gedink word dat die studentemassa die konstitusie van die studenteraad, (wat deur hulle, die massa, daargestel is,) heelhartig aanvaar. Op die oomblik is dit onmoontlik om 'n outoritêre mening te waag oor die juridiese en wysgerige aspekte en praktiese implikasies van die konstitusie. Op die oog af kom dit egter voor asof dit 'n deeglike stuk werk is. Daarvoor ons dank en gelukwensinge aan die huidige studenteraad, en hulle voorgangers asook aan persone wat vroeër nou by die hele saak betrokke was.

Die meriete van enige konstitusie word egter grootliks bepaal in watter mate dit aan die eise van die praktyk kan voldoen. Die toets sal dus hier wees of die studenteraad as belangebehartiger en beskermer van die studente binne die raamwerk van die konstitusie hulle taak sal kan volvoer en praktiese probleme die hoof sal kan bied. Of daarin geslaag kan word sal alleen die tyd leer.

Enkele ander aspekte verdien ook vermelding. In die eerste plek is die massa die geleentheid gebied om die voorgestelde konstitusie te bespreek en daaroor te stem voordat die SR dit finaal sal aanneem. Amendemente wat voorgestel is, is ook geredelik aanvaar. Dit dui steeds daarop dat die SR ter wille van die massa daar is en daar is goeie rede om te glo dat daar op dié weg voortgegaan sal word. Solank as die massa geraadpleeg word oor besluite en hulle ingelig word oor hulle eie sake is daar min gevaar dat SR en massa oorhoops met mekaar sal lê (soos dit elders al gebeur het).

Verder is dit jammer dat die studentemassa nie veel tyd tot hulle beskikking gehad het om deeglik oor die konstitusie te besin nie. 'n Konstitusie bly nou maar eenmaal 'n dokument met verreikende gevolge. Om dit aan 'n kritiese oog te onderwerp verg noodwendig tyd en deurdagte studie. Indien die voorgestelde konstitusie vroeër aan die massa beskikbaar gestel is, kon dit alleen aanleiding gegee het tot 'n vrugbare debat juis oor die kardinale kwessie soos raadpleging van die massa deur die SR. Daardeur sou baie studente 'n beter insig in die huidige bedeling verkry het. Wat meer is, hulle sou bewus geword het van die besliste voordele van hierdie stelsel.

Laastens is die afhandeling van die SR konstitusie maar die eerste stap in die rigting waar die hele georganiseerde studentelewe op 'n vaste konstitusionele grondslag gebring word. Na verneem word is die konstitusies van die hoofliggame nog nie gereed om aan die massa voorgelê te word nie, alhoewel daar 'n geruime tyd verloop het sedert daar 'n begin gemaak is met die huidige bedeling van die georganiseerde studentelewe. Nou is dit so dat daar geen dringende noodsaak is dat die werk aan die konstitusies afgehandel moet word nie. Aan die anderkant is onnodige gesloerdery ook 'n onbevredigende toestand veral as die gedurige wisseling van bestuurslede aan die einde van elke termyn in die oog gehou word. Ons vertrou dus dat die betrokkenes hulle sal haas om ook op die terrein van die hoofliggame die de jure toestand in ooreenstemming met die de facto toestand te bring.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom

Die winkel
waar die
kieskeurige
dame koop

Europese toer: - Callie Coetzee

# Indrukke oor Engelse studente en Springbokke

**OM NA ENKELE weke in die buiteland met 'n outoritêre mening oor die toestande en die mense aldaar te probeer kom sou myns insiens nie alleen voorbarig wees nie, maar ook onregverdig teenoor daardie mense.**

Dit is juis een van ons grootste besware teen die wêreldveroordeling van ons land, dat hulle 'n uitspraak maak terwyl hulle nie werklik op hoogte is van die toestande in Suid-Afrika, die leefwyse en die probleme nie.

Nietemin was ses weke in Brittanje en drie weke in Europa genoeg om terug te keer met 'n skat van indrukke en ervarings wat jou lewe verryk en jou perspektief verbreed het.

Wat die toer in die algemeen betref, was dit een onuitspreeklike voorreg, 'n vakansie waarvan die gelyke seker nie maklik gevind kan word nie. Dit was nie alleen 'n gratis oorsese reis nie, maar al die onthale, konserte en teateropvoerings wat ons kon bywoon, het die waarde van die toer onskatbaar gemaak.

### NOUE AANSLUITING

Ons toergroep het bestaan uit ses Afrikaanssprekende en ses Engelssprekende studente. En een van die eerste blywende indrukke was die gewaarwording dat daar onder die Engelssprekende studente 'n groot groep is waarmee ons as Afrikaanse studente baie goed oor die weg kan kom en by wie ons baie noue aansluiting kan vind. Ongelukkig is dit nie hierdie groep wat aktief is in die studentepolitiek op die Engelse kampusse nie.

**Inteendeel. Hulle staan tot 'n baie groot mate antagonisties teenoor veral Nusas en die Nusasgesinde Engelse studenterade. Hiermee wil ek nie beweer dat ons dit oor alles heilig eens is met hierdie groep nie. Maar die verskil tussen hulle en die „Nusasgroep" is dat hulle nie slegs negatief teen die regering is in hulle optrede nie, maar dat hulle positief vir Suid-Afrika is.**

### AMBASSADEURS

En hierdie besonder positiewe gesindheid maak die deure oop vir wedersydse respek en vir die openhartige gesprek. Die Engelse studente in ons groep wat op hierdie positiewe standpunt staan, was in my oë dan ook werklike ambassadeurs vir ons land en het in elke situasie waar die gesprek oor die politiek in Suid-Afrika gegaan het, die saak van Suid-Afrika sterk en positief gedien.

### SPRINGBOKKE

Onder die talle voorregte, was daar ook die geleentheid om wedstryde van die Springbokke by te woon, o.a. die tweede toets teen Engeland op Twickenham. Wat die rugby self betref, was dit vanselfsprekend vir ons 'n droewe dag om daar in die vreemde te sien hoe die room van Suid-Afrika ondergaan.

Maar ek meen tog dat ons dit moet aanvaar, dat die Engelse se rugby geweldig verbeter het. Hulle speel konstruktiewe rugby, planmatig en met die ystere wil om die Springbokke te klop. Daarenteen

★ *vervolg op bladsy 7*

## AAN-KONDIGING

*Die Wapad-redaksie betaal voortaan R1.00 per uitgawe vir die beste en oorspronklikste brief na hulle mening.*

## Uit die Woord

### Ware geloof lei tot algehele en voortdurende reformasie

*Rigters 6 : 25—32: Gideon word deur God geroep om die Baälsaltaar en die heilige boomstam af te kap en 'n altaar vir die Here te bou.*

*Die godsdienstige verval het in Israel reeds so ver gevorder dat daar 'n altaar vir die heidense god Baäl en 'n heilige boomstam op die grond van Joas, Gideon se vader, opgerig is. Israel het hulle God vergeet en in afgodery versink. Hulle kan hulself nie meer red nie.*

*In sy oneindige genade gryp God in die lewe van hierdie volk in. Gideon, een van die geloofshelde uit Hebreërs 11, word geroep om Israel kragtig te hervorm. Hy moet nie alleen die Baälsaltaar en die heilige boomstam vernietig nie, maar ook dadelik 'n ander altaar bou — vir die lewende God van hemel en aarde.*

*Algehele reformasie bestaan nie net uit breek met die sonde nie; nie net uit die afsterwe van die ou mens nie. Nee. Die reformasie is eers volledig wanneer 'n mens positief oorgaan tot die diens van die Here; die bekleding met die nuwe mens. Daar bestaan nie so iets soos 'n negatiewe Christen nie. 'n Ware Christen se ganse lewe dra die stempel van die positiewe stryder vir die koninkryk van God. Deur ons dade bewys ons waar ons staan. Gideon moes 'n geloofsdaad verrig om te bewys dat hy nie aan die kant van Baäl veg nie, maar vir die saak van die lewende God.*

*Maar dit was 'n geloofsdaad. Gideon het nie op sy eie krag vertrou in hierdie stryd nie. Deur die geloof sien hy op Christus, die Leidsman en Voleinder. Daarom pak hy hierdie stryd onbevrees aan. Want hy weet dat die uitslag reeds bepaal is. Hy is slegs die instrument in God se hand om mee te help in die stryd.*

*Ons dade, ons lewe elke dag en in elke situasie, is die toets vir die egtheid, krag en inhoud van ons geloof. Die Baälsaltare van ongeloof en afgodery staan ook op ons grondgebied: in ons persoonlike lewe; in die studentelewe; in die kerklike lewe. As Christus, die Oorwinnaar oor dood en graf, die inhoud sowel as die dryfkrag van ons geloofslewe vorm, sal ons lewe 'n lewe van geloofsdade wees, in die Naam en in die krag van God, van heilige protes teen die ongeloofsmagte, van voortdurende reformasie „in U lig".*

C.F.C.


Hoe veilig is u Gesin?

Laat RENTMEESTER u help om volkome rekenskap te gee van u rentmeesterskap

Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
VOLLEDIG BEPLANDE LEWENS-VERSEKERING VERSKAF VERMOEDRUS
adverto 340

## Interfakultêre lesings:

# STUDENTE MOET NAVORS EN MINDER SOSIAAL VERKEER

**„DIT IS NODIG dat daar 'n nuwe universiteitspatroon kom waardeur daar meer tyd aan navorsing bestee word. Die studente lê hulle te veel toe op sosiale aktiwiteite, waardeur daar maar ongeveer 6 maande van 'n jaar oorbly om aandag aan die akademie te gee", het prof. S. du Toit Woensdagoggend tydens die twaalfde aanbieding van die Interfakultêre Lesings aan die P.U. gesê. Hy het gepraat oor die navorsingstaak van die universiteit.**

Daar word te min tyd aan navorsing aan Suid-Afrikaanse universiteite gegee. Volgens prof. Du Toit is dit 'n groot gebrek, want navorsing bepaal die leierskap in die toekoms. Navorsing is die primêre doel van die universiteit, hoewel die drie take: opvoeding, navorsing en beroepsopleiding, eintlik inmekaarvloei.

Die dosent wat die student na navorsing lei, voed sodoende op en berei ook voor vir 'n beroep. Die navorser moet hom egter nie voltyds toelê op navorsing nie, maar ook deeltyds doseer.

VIERJARIGEGRAAD

Prof. Du Toit het 'n vierjarige B-graad voorgestel soos in Amerika, sodat daar in die laaste twee jaar ook nagevors kan word.

Die sentrale tema tydens die eerste Interfakultêre Lesings van die tweede eeu van die universiteit se bestaan, was die tema heel gepas „Die Universiteit in moderne perspektief."

In sy lesing — Die opvoedingstaak van die universiteit — het prof. S. J. Preller daarop gewys dat die student in 'n konfliksituasie verkeer. Hy is nie meer 'n kind nie, maar ook nog nie volwasse nie. Dit is dus die taak van die universiteit om die opvoeding wat hy op skool gehad het, voort te sit. Verder is die besondere opvoedingstaak van die universiteit die bybring van kennis, die ontwikkeling van denke en die voorbereiding vir die beroep.

DOSENTE

Prof. Preller het gewys op die eise wat so 'n taak aan die dosente van 'n universiteit stel. Sodanige opvoeding moet ook vanuit 'n Christelike standpunt gedoen word.

Prof. H. J. J. Bingle se lesing het oor die beroepstaak universiteit gehandel.

Hy het daarop gewys dat die universiteit in hierdie verband wel 'n taak het, maar dat die beroepsvereistes nie bepalend vir die leerplan van die universiteit mag wees nie. Al hoe meer geïntegreerde grade word aangebied waarin beroeps- en akademiese behoeftes ingesluit is. Hierdie grade duur egter 'n jaar langer.

# REGSSTUDENTE BETWYFEL GELDIGHEID VAN VERKEERSBOETES

**HIER IS GOEIE nuus vir motoreienaars op die kampus. Volgens verskeie senior regstudente, sal die universiteitsowerheid studente voor die hof moet daag, indien hulle die nuwe verkeersboetes wil invorder.**

Die afgelope week is verskeie studente met R50 beboet vir parkeeroortredings en tans weet niemand nog of hulle die boetes gaan betaal nie. Almal is egter baie ongelukkig oor die toedrag van sake.

'n Paar L.L.B.-studente het egter aan Die Wapad gesê dat studente goeie verweringsgronde behoort te hê, indien iemand die saak in die hof wil besleg.

Volgens hulle oorskry die boetes die gronde van redelikheid, veral aangesien die parkeringsgeriewe op die kampus, heeltemal onvoldoende is. In 'n regsgeding sal die universiteit eers moet bewys dat meer as R50 skade gelei is omdat 'n student foutief parkeer het.

Ingeskrewe studente het almal onderneem om hulle te onderwerp aan die reglemente van die universiteit en hulle is volgens wet verplig om hulle by daardie ooreenkoms te hou. Die wet maak egter ook daarvoor voorsiening dat 'n straf redelik moet wees.

Boonop is die nuwe verkeersboetes eers ingestel nadat die studente ingeskryf het. Daarom kon die vraag gevra word of die studente wel aan hierdie boetes onderhewig is, en of dit nie buite die ooreenkoms val, wat met die owerhede aangegaan is nie.

# MAATSKAPLIKE WERK BREI UIT

Die departement Maatskaplike Werk het vanjaar 'n baie belowende jaar voor. Daar is reeds deur die eerste-jaars, 'n begin gemaak, toe sowat 31 hulle voltyds vir die kursus ingeskryf het. Dit is die grootste getal eerste-jaars vanaf die stigting van die departement. Verder is daar ook ten voordeel van dosent en student nuwe kantore ingerig, sodat organisasie puik kan verloop.

'n Nuwe personeellid, mej. J. M. C. Rossouw, is aangestel vanaf Januarie 1970, terwyl prof. D. J. Eloff tydens die eerste kwartaal met verlof is.

Die amptelike studentevereniging vir Maatskaplike werk, „Caritas", beoog ook vele dinge in die jaar, en hoop om binnekort hulle eerste vergadering te hou.

# ISRAELSE KONSUL-GENERAAL PRAAT

★ Vervolg van bladsy 3

afguns en selfs agterdog waarmee die Arabiere die kapitalistiese wêreld bejeën.

In die geval van Israel het die Arabiese aggressie reeds in 1947 begin toe die Arabiere in die V.V.O. teen die onafhanklikheid van Israel geveg het. Vir hulle was dit die Arabiese Ooste en nie die Midde-Ooste nie. In die oorlog wat daarop gevolg het, was die Israelse oorwinning vir die Arabiere 'n bitter pil om te sluk. Erkenning van die nuwe staat, Israel, het stadig gekom, veral in Afrika.

**Republiek**

Dit is die Israelse beleid om vriendelike betrekkinge in Afrika te handhaaf en meer besonder in Oos-Afrika. Dog hulp aan die Afrikastate deur Israel geskied langs die weg van tegniese, en nie finansiële hulp nie. Israel ag goeie betrekkinge met die Republiek ook baie hoog. Daar is by die Israeli's groot dankbaarheid dat die geweldige teenstand wat hulle ondervind het, hulle gedwing het om uitwaarts te beweeg en op die wêreldmarkte mee te ding.

Mnr. Unna erken dat terrorisme 'n groot probleem in Israel is. Tog, hy kan nie sien dat dit 'n effektiewe wapen sal wees om die hele Midde-Oosterse prentjie te verander nie.

Hierdie eerste P.N.B.-vergadering van die jaar was 'n reuse sukses, vanuit watter oogpunt dit ookal beskou word. Die opkoms van 400 mense was oorweldigend. Beide studente en buitestaanders was goed verteenwoordig.

**Van Schoor**

Die verwelkoming is behartig deur die groot indoena van ons Sentrum vir Internasionale Politiek, mnr. A. M. van Schoor. Hy het gesê dit is die beleid van die Sentrum om sprekers uit al die brandpunte van die wêreldpolitiek na die Sentrum te bring. Verder, aangesien Australië, Brittanje en Malawi moeilike keuses is, het die keuse op Israel geval.

Mnr. Unna het benewens sy diplomatieke finesse ook 'n deeglike, hoofsaaklik Britse, militêre agtergrond. Hy is in Duitsland gebore, maar het in 1938 saam met sy ouers na Israel teruggekeer. Sy akademiese opleiding het hy in Brittanje ontvang, waarna hy in die Britse leër diens gedoen het in onder andere Noord-Afrika. Hy woon sedert 1953 permanent in Israel en het sy land ook in Duitsland en die V.S.A. verteenwoordig.

Hy beskik oor die tradisionele Joodse sjarme en het met die Afrikaanse inleiding tot sy toespraak die gehoor in sy hand gehad.

# Nuwe instituut vir Puk

'n Instituut vir Middelgroot- en Kleinhandelaars gaan aan die Potchefstroomse Universiteit ingestel word. Min. Haak het dié aankondiging gemaak en verder gesê dat die regering altesaam R120,000, versprei oor drie jaar, hiervoor gaan bewillig.

Hierdie Instituut is 'n uitvloeisel van 'n studie wat dr. N. J. Swart in die buiteland gemaak het. By sy terugkeer het hy voorgestel dat so 'n Instituut in die lewe geroep word.

Die belangrikste taak van die liggaam sal wees om Bedryfsadvies aan kleinhandelaars te gee. Personeel sal nog aangestel word om die kleinhandelaars te besoek.

Die Instituut sal onder beheer staan van 'n Raad van Advies waarop die Regering, die georganiseerde handel en die universiteit verteenwoordig sal wees.

# Transmissie-elektronmikroskoop

**'N TRANSMISSIE-ELEKTRONMIKROSKOOP wat ongeveer R38,000 gekos het, is so pas in gebruik geneem deur die Departement Mikrobiologie. Dit is die derde van sy soort by 'n Suid-Afrikaanse universiteit.**

Die transmissie-elektronmikroskoop vergroot 260,000 keer, en het 'n onderskeidingsvermoë van tussen twee punte van Angstrom (dit is vyf tienmiljoenstes van 'n mm.) Hierdie eienskappe maak die instrument veral geskik vir die bestudering van die in- en uitwendige struktuur van materiaal, en dan in die besonder bakterieë en virusse. Die mikroskoop sal van onskatbare waarde wees by mikrobiologiese studies.

Die demonstrasie van die mikroskoop, is waargeneem deur dr. C. Weichan wat verbonde is aan Siemens se Elektron-mikroskopiese Inligtingsentrum in Berlyn.

# *Vrugtefees is terug*

Was ooit so 'n dag, was ooit so 'n vrugtefees! Met reg kan die Pukke wat verlede Donderdag in groot getalle opgetrek het na die sportterrein vir die jaarlikse vrugtefees, hiermee saamstem. 'n Vrolike uitbundige gees het die samekoms gekenmerk.

'n Woordjie van gelukwensing aan die A.O.B. vir hul puik reëlings hierdie jaar. Daar was voorwaar geen gebrek aan smulgoed nie en die ou dames en here is soos wafferse eregaste bedien deur dore en drake.

Nadat almal na die innerlike versterk is het Johan van Rensburg en sy orkes die massa getrakteer met opgewekte deuntjies. Die verrigtinge op die sportterrein is afgesluit met lekker sing-songs wat selfs op die kampus gehoor kon word. Daarna het oud en jonk opbeweeg na die kampus, en daar gesellig met 'n koppie koffie die droë kele te laaf.

Voorwaar 'n geslaagde fees!

KOLLEGE DIENSSENTRUM
Studente ! !
Julle ken almal
Oom Chris Coetzee

DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .
★ Alba broeke
★ Alba pakke
★ Monatic hemde
★ Battersby hoede
★ Gregory sokkies



TOD SUTTIE'S
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411
POTCHEFSTROOM

SOMER- EN WINTERMATERIALE
van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente
BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING
Nou OOK
'n wye keuse vir
★ PLATE
by
PRO REGE - PERS BEPERK
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# 20th Century

FRI., 6th, SAT., 7th, MON. 9th and TUES., 10th.
* ANTHONY QUINN
in

**SHOES OF THE FISHERMAN**

SAT. MORNING 7th at 9.45 a.m.

**SHOTGUN**

COMMENCING Wed., 11th

**THE DEVILS BRIGADE**
with
* WILLIAM HOLDEN
Not for children 4 to 12.

MON., 16 and TUES., 17

**ATTACK ON THE IRON COAST**
* LLOYD BRIDGES
* SHE LLOYD

WED., 18 and THURS., 19

**THE BRIDE WORE BLACK**
* JEANNE MOREAU
* MICHAEL BOUQUET
No persons 4 to 16 years.

# Goue Weste Inry

Tel. 6437

FRIDAY, 6 MARCH at 6.45 p.m.
SATURDAY, 7 MARCH at 6.45 p.m.
He's a crook! A Con Man! An embezzler! But you'll love him!

**FITZWILLY**
PanaVision De Luxe Colour.
It's a fabulous comedy for the whole family.

FRIDAY, 6 MARCH at 9.00 p.m.
SATURDAY, 7 MARCH at 9.00 p.m.
* CLINT WALKER
* VINCENT PRICE
* ANNE FRANCIS
In the dynamic action Western Drama

**MORE DEAD THAN ALIVE**
Colour De Luxe
*No persons 4 — 16.*

MONDAY, 9 MARCH at 7.00 p.m.
TUESDAY, 10 MARCH at 7.00 p.m.
FRIDAY, 13 MARCH at 6.45 p.m.
SATURDAY, 14 MARCH at 6.45 p.m
The singing, dancing, loving, laughing spectacle filled with more stars, more songs, more sparkling surprises than the screen has ever shown.
* CANTIFLAS
* DAN DAILEY
* SHIRLEY JONES
Plus 35 of the world's leading stars!
In Columbia Film's unforgettable

**PEPE**
CinemaScope Colour
This is a "Must" for the whole family.

WEDNESDAY 11 MARCH at 7 p.m.
THURSDAY, 12 MARCH at 7 p.m.
FRIDAY, 13 MARCH at 9.00 p.m.
SATURDAY 14 MARCH at 9.00 p.m.
Columbia Pictures present
A bold and dramatic love story
* JANE FONDA
* PETER McENERY
In Roger Vadim's

**THE GAME IS OVER**
PanaVision Technicolour
Released by Ster Films.
*No persons 4 — 18.*


# Só word R10 miljoen bestee in volgende dekade

**„TIEN JAAR gelede, in 1960, het die Universiteit van Stellenbosch 4,000 studente gehad. Vandag is die studentetal van daardie universiteit 8,000. Vanjaar het die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. 4,000 studente. Alle aanduidings is daar dat ons voor die einde van dié dekade die 8,000-tal sal verbysteek", het prof. H. J. J. Bingle, rektor van die Potchefstroomse Universiteit verlede Donderdagaand op die Stadsraadsvergadering verklaar.**

Dit is 'n jaarlikse instelling dat die Universiteit saam met die Stadsraad vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Prof. Bingle was vergesel van prof. P. A. J. Ryke en mnr. Robinson, direkteur van die Departement Ontwikkeling. Prof. Bingle het die Stadsraad bedank vir die grondgebied noord van die Fochville-spoorlyn wat aan die Universiteit beskikbaar gestel is. Die Universiteit is tans besig om daar toetse te doen om die bodemgesteldheid te ondersoek. Indien dit sou blyk dat die grond nie geskik is vir die bou van die hoë geboue wat die Universiteit daar wil oprig nie, sal die Universiteit daardie grond aan die Stadsraad teruggee in dieselfde gesindheid waarin die Stadsraad die grond aan die Universiteit gegee het.

Prof. Bingle het gesê dat die Universiteit binne die volgende tien jaar meer as R10-miljoen gaan bestee aan bouprogramme. Op die oomblik is daar 'n manskoshuiskompleks in die oprigtingsproses wat huisvesting sal bied aan 500 mans. Die koshuis word opgerig noord van die pasvoltooide Heide. Na voltooiing daarvan sal daar dadelik begin word met 'n identiese manskoshuis wat ook aan 500 studente huisvesting sal bied. Die onkoste verbonde aan die twee manskoshuise sal R2½-miljoen beloop.

Ook word die Aardrykskunde en Aardkundegebou teen 'n beraamde koste van R1½-miljoen tans opgerig. Die bestaande biblioteek gaan met twee-derdes vergroot word teen 'n beraamde koste van R1½-miljoen.

Daarna sal begin word met die oprigting van 'n nuwe Fisika en Chemieblok ten bedrae van R2½-miljoen. 'n Studentesentrum wat voorsiening sal maak vir binneshuise sport en kultuuraktiwiteite, en wat 'n reeks van sale sal bevat, word ook reeds beplan. Hierdie sentrum sal ongeveer R1¼-miljoen verg.

'n Reuse Biologieblok word ook beoog teen die groot koste van R3-miljoen. Die sportvelde op Oude Molen sal ook reeds teen Julie vanjaar voltooi wees. Prof. Bingle het gesê aangesien hierdie sportterrein aansluit by die van die Normaalkollege en die gholfbaan, dit 'n goeie idee van die Stadsraad sal wees om 'n oewerpad al langs Wasgoedspruit te maak wat dan hierdie sportvelde sal omsoom.


# Potch Inry

Tel. 5307 of 6345 bedags

VRYDAG 6 MAART om 7.00 nm.
SATERDAG 7 MAART om 7.00 nm.
**LET WEL: NET EEN VERTONING OM 7.00 NM.**
Met trots en genoeë — en op spesiale versoek bied ons aan die uitstekende en onvergeetlike Film!

**GONE WITH THE WIND**
In die grootheid van die wye wye doek en glorieryke kleur. met
* CLARKE GABLE
* VIVIEN LEIGH
*Niemand van 4 — 12.*

MAANDAG 9 MAART om 7.00 nm.
DINSDAG 10 MAART om 7.00 nm.
VRYDAG 13 MAART om 6.45 nm.
SATERDAG 14 MAART om 6.45 nm
* RICHARD WIDMARK
* HENRY FONDA
* INGER STEVENS
* HARRY GUARDINO
in die fabelagtige spanningsdrama

**MADIGAN**
Techniscope Kleur

WOENSDAG 11 MAART om 7 nm.
DONDERDAG 12 MAART om 7 nm.
VRYDAG 13 MAART om 9.00 nm.
SATERDAG 14 MAART om 9 nm.
* GEORGE HILTON
* GILBERT ROLAND
* EDD BYRNES
In die spannende aksiebelaaide „Western"

**GO KILL AND COME BACK**
Techniscope Kleur
*Niemand van 4 — 12.*


## DATUMS VIR INTREEREDES

Die eerste intreerede by die P.U. vir C.H.O. hierdie jaar het op Vrydag, 27 Februarie plaasgevind, toe prof. dr. G. J. Pienaar (hoogleraar en hoof van die dept. persweten-skap) gepraat het oor „'n Aanstaande komminikasiekrisis in Suid-Afrika? 'n Verkenning". Die rede het in die Konserwatoriumsaal plaasgevind.

Prof. dr. Pienaar is voorgestel deur die dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Prof. W. N. Coetzee. Die ander inougurele redes vir 1970 is:

Dr. N. B. Strydom (Fisiologie), 13 Maart; dr. T. Botha (Spraakleer en drama) 10 April; dr. J. J. de Wet (Empiriese opvoedkunde), 12 Junie; prof. W. J. Venter (Ekonomie), 31 Julie. dr. W. J. Putter (L.O.) 7 Augustus. adv. J. D. van der Vyver (regsfilosofie), 11 September. Dr. J. Dekker (chemie) 25 September; dr. J. J. Henning (naturelle administrasie), 2 Oktober.

Een van die dosente het onlangs gesê dat die dosente nie meer staanplek kry vir hulle fietse tussen al die motors van die studente nie.

## P.U. sal 4,000-tal oorskry

Die administrasie kon tot dusver nog geen definitiewe gegewens aan Die Wapad verstrek met betrekking tot die aantal inskrywings by die universiteit en die aantal studente in elke afsonderlike fakulteit nie. Die volgende getalle is egter 'n aanduiding van wat die finale inskrywings sal beloop:

| | |
|---|---|
| Eerstejaars: | 1060 |
| Seniors: | 2220 |
| Nagraadse: | 510 |
| Totaal: | 3790 |

Die nagraadse studente skryf nog steeds in, en daar word verwag dat hulle die negehonderdmerk sal verbysteek. Sodra verdere gegewens bekend is, sal dit deur middel van die Wapad bekend gestel word.

# STUDENTERAADSVOORSITTER AAN DIE WOORD

**Met die eenparige goedkeuring van die nuwe Grondwet van die Studenteraad op die onlangse massavergadering, het die studente van ons universiteit nie alleen bygedra tot die bestendiging van die studentelewe soos dit tans daar uitsien nie, maar het ons studente weer eens bewys dat hulle eenparig teen gunste van 'n prinsipieël suiwer gesagstruktuur is, soos vervat in die grondwet.**

Met hierdie optrede het u as studente getoon dat daar by u steeds geen ruimte bestaan vir gesagsopvattinge wat nie met ons lewens- en wêreldbeskoulike prinsipes te versoen is nie.

Die afgelope massavergadering was in vele opsigte geslaagd; benewens die feit van 'n groot bywoningsyfer, was dit duidelik dat u as studente gaan help met die herbevestiging van die massavergadering as sentrale gespreksforum vir ons as studente. Die lewendige belangstelling wat getoon is in sake wat ons en ons universiteit ten nouste raak, was tipies dié van Pukstudente — die sukses van toekomstige massavergaderings is hierdeur tot 'n groot mate reeds bewys. Ek glo dat dit ook elke student se plesier en voorreg gaan wees om op hierdie trant voort te gaan.

Dit het o.a. uit besprekings op die massavergadering geblyk dat daar 'n behoefte by studente bestaan om meer volledig ingelig te word oor gebeure op die studentepolitieke- en inter-universitêre vlak. Die studenteraad sal spoedig aandag skenk aan hierdie belangrike aspek en metodes sal bedink word om aan hierdie behoeftes te voldoen.


## CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

**Agente vir:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPREPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**

**FOON 4201**
**TOMSTRAAT 92.**

**Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.**


# Verwelkomingsdinee:

# REKTOR LAAT KUPIDO BALJAAR

**DIE JAARLIKSE ontheffingsdinee is weer eens met welslae afgehandel. Daar was merendeels eerstejaars maar die eentonigheid van nuwe gesigte is darem so hier en daar onderbreek deur die lekker bekendheid van ou gesigte.**

Laat ons maar by die essensiële element begin. Die eerstejaardames het sprankelend vertoon. 'n Mens sou nie sê hulle het twee weke oriëntering agter die rug gehad nie. Die mans? nou-ja — getrou aan hul aard is so hier en daar 'n handjie so skelm-skelm blou gedruk onder die tafels.

En het die mense nie gereageer op die rektor se toespraak nie! Prof. Bingle, wat die hoofwoord gevoer het, moedig toe mos sleep aan, en toe die dinee verby is, was die duiwel los — of liewers duisende kupido's. Meer as een paartjie het ten minste twee voet bo die erkende grondoppervlakte geloop.

Wat die dinee as sulks aanbetref moet die organiseerders geluk gewens word. Die saal was mooi versier en mnr. Christo Piek was 'n pittige seremoniemeester. Daarby was daar 'n smaaklike spyskaart.

Die eerstejaars se formele lewe hier op die Puk is inderdaad op suksesvolle wyse ingelei.

### TWEEDE SPAN

Die tweede span van die Puk loop tans voor in die Wes-Transvaalse tweede liga nadat hulle die afgelope paar weke voluit oorwinnings oor Western Reefs, Weermag en Klerksdorp behaal het.

'n Hele paar belowende eerstejaars het sekerlik hul aanspraak op 'n plek in die eerste span versterk.


## GISELA MAIWALD FOTOGRAFIE

vir

PORTRETSTUDIES

en

ALLE FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

## A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou

Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

**SKAKEL 7074**

# Verkiesing:
# ONS GAAN DIE PUKKE POLS OOR DIE POLITIEK

**1970 IS DIE hoogwater van die politiek; nasionaal sowel as internasionaal. Vanjaar gaan ons in die republiek weer na die stembus om in navolging van die demokratiese ideaal die kloutjie van die ideologie by die oortjie van die praktyk te probeer bring.**

Nou is dit so dat studente vandag die kampvegters vir 'n nuwe samelewingsorde geword het. Die sg. „establishment" is pé, so word daar beweer. Hy kort 'n nuwe baadjie. Goed so. Maar dit plaas onmiddellik vraagtekens agter ons strewe. Waar lê die Utopia van hierdie Nuwe wêreld wat ons bou?

Langs watter kanale hoop ons om die ideaal te bereik? Bomme in openbare geboue, skaking van vliegtuie, sinnelose protesoptogte en betogings, vandalisme? Wat het geword van die begrip van studente as denkers, eerlike besinners oor die wêreldsituasie? As mense wat nie net aftakeling nastreef nie, maar ook bou aan 'n nuwe struktuur?

En nader huis toe: wat voel ons as Suid-Afrikaanse studente? En om die kring nog groter te trek: wat dink die Pukke oor die situasie in ons land, in die wêreld ...? Is ons die intellektuele bolaag? Dink ons eerlik oor ons land se probleme? Of is ons navolgers en voetpaadjietrappers? Bestudeer ons slegs ons handboeke met die oog op reproduksie?

„Die Wapad" wil graag denke oor die politiek onder ons studente stimuleer. Rasionele denke en nie sinnelose hareklowery nie. Wat voel die Puk-massa? Nou is u geleentheid om u sê te seg. „Die Wapad" wil graag 'n opname maak van die studentemening oor die politiek; hier te lande en elders. Werk saam, Pukke! Ons vertel aanstaande keer meer.

An die Freude:-
Deine Zauber binden wieder,
Was die Mode Streng geteilt ...
... Schiller.

# Regsstudente ontevrede

Die regstudente as individue is omgekrap oor die swak klaskamergeriewe waarmee hulle tevrede moet wees. „Ons sit in 'n beknopte klaskamer en ek sê klaskamer omdat ons nog in skoolbanke moet sit. Die aanhoudende geraas onder ons venster werk ook nie juis enige konsentrasie in die hand nie," het 'n student baie beslis sy grief gelug.

Nou moet 'n mens darem ook dadelik sê dat al die studente nie dieselfde mening toegedaan is nie. Sommige wil graag die ou karakter van die regsfakulteit behou en een het selfs sy saak so gestel: „Ons howe is almal sulke donker, ou geboue en daarom is die huidige toestand 'n goeie bekendstelling van wat later in die praktyk gaan plaasvind."

Die studente kla ook oor die koue winteroggende en nou kan hulle blykbaar nie eers verwarmers insit nie, want die kragtoevoer is heeltemal ontoereikend. Hulle wil nou hul eie moderne fakulteitsgebou hê.

Miskien is dit net enkele stemme wat hul misnoeë te kenne wil gee, maar dit lyk na regmatige griewe.

# DEUR MY LENS
DEUR REFLEKTOR

Dit het onder my aandag gekom dat Reflektor hom moet bemoei met die estetiese sy van die lewe, en nie noodwendig die studentelewe nie. Wat my veral interesseer is waar, en in watter grondwet, en in watter wysiging van sodanig genoemde grondwet en/of program van beginsels dit opgeteken staan. Tot tyd en wyl hierdie akuut aktuele probleem van 'n oplossing voorsien word, hetsy deur middel van bespreking op 'n vergadering eenuur in die oggend, hetsy deur uitsluitsel verkry van ander bronne, sal Reflektor hom bemoei met wat ookal van kontemporêre belang mag blyk te wees.

'n Nuwe euwel, die aanwesigheid waarvan die meriete sterk bevraagteken kan word, het sy twyfelagtige kop vir die eerste keer verlede jaar uitgesteek. Die omvang van hierdie euwel is groot en die gevolge daarvan kan verreikend wees. Wat veral opmerklik is, is dat die verskyning hand aan hand gaan met die tweede jaar van funksionering van die A.O.B. en soos reeds by herhaling deur die gewoonte en tyd bewys is, is geen tweede jaar 'n goeie jaar nie. (By wyse van voorbeeld hoef die twyfelende slegs 'n tweedejaar Apteker vir 'n tyd onder observasie te hou.) Ek sal vir die oomblik my subjektiewe bedenkinge ten opsigte van die A.O.B. agterweë laat.

Dit is so dat daar in sommige kringe van die samelewing die gewoonte bestaan om sekere sitplekke te reserveer vir sekere eerbiedwaardige lede van die samelewing. Ons geagte Alma Mater het sy weg oopgesien om vir 99 jaar te kan bly bestaan sonder dat enige noemenswaardige skuddings sy fondamente getref het, en sonder die reservering van sitplekke, en nou, in sy honderdste en honderd en eerste jare word die harmonie van sy eens rustige en vredige voortbestaan versteur en word alles wat goed en mooi was in die tradisie summier oorboord gegooi, en dié euwel steek sy kop uit.

Ons gun die geagte eerbiedwaardige menere van die studenteraad hul plek in die son — ons het hulle trouens help verkies. Maar dan moet hulle ons nederige en toegewyde vertroue nie skok nie.

Kyk, ek meen, ons moes nou al ons sing-songs prysgee terwille van liedjies sonder dat ons mening gevra is. Die tekens dui daarop dat ons ons bevind midde in die oorgang tussen prysenswaardige demokrasie en die relatiewe dieptes van burokrasie, betreffende die organisasie van ons studentelewe. Ek wonder — wil die eerbiedwaardige studenteraad nie in die teken van die wese van sy grootsheid handel en sy posisie retrospektiewelik in heroorweging neem nie?

G. C. LOOCK
KLEREMAKER
KERKSTRAAT

# Word tussen Boesmans groot, nou 'n regsstudent

**FRANCOIS STROH (daar moet eintlik 'n umlaut op die „o" wees, maar sy pa het vergeet om hom as sodanig te registreer) praat die klik-klak taal van die Boesmans soos 'n wafferse sandtrapper. Hy kom van Grootfon tein se wêreld af en is dus 'n Suidwester. Hoe hy die taal aangeleer het? „Ek het saam met Boesmans groot geword en het baie meer met hulle in aanraking gekom as met blanke kinders. Om kommunikasie te bevorder, moes òf hulle my taal aanleer òf ek hulle s'n".**

Francois het 'n paar sinne uitgeklak wat enige opregte Boesman 'n warme gevoel om die hart sou gee. So van opregte Boesmans gepraat, Francois het sommer nog baie oor hierdie interessante volkie van die sandvlaktes mee te deel.

### NIE 'N SKRYFTAAL

„Ja", vertel hy. „Daar ontstaan nou twee dialekte in die taal. Die ou taal, wat ek aangeleer het, het stadig begin verander a.g.v. die invloed van die Nama- en Hererotale deurdat woordontlening plaasgevind het. Daar het dus klein verskille ontstaan. Die Boesmantaal is nog nie 'n skryftaal nie, omdat nog so min bekend is oor die fonetiek van die taal.

Francois is 'n eerstejaar-student aan die Puk. Hy wil die Regsdiploma behaal en sal miskien later na B.Juris oorslaan.

Die taalkennis wat hy opgedoen het, het natuurlik die kultuur van die Boesmans vir hom ontsluit. Hy het onmiddellik geesdriftig begin praat toe ek die sake aanroer: Mense moenie dink dat Boesmans onnosel is nie. Inteendeel, hulle is fyn natuurkenners, uitstekende jagters, meester-rigtingbepalers en weervoorspellers. Hulle weet bv. as miere en molle in die laagtes en lopies uitslaan, dat dit 'n droë jaar gaan wees, want hulle sal nie 'n woning maak waar die water gewoonlik gaan staan nie. Die teenoorgestelde is weer waar as hulle die hoogtes opsoek.

### JAGKUNS

Ook die jagkuns het hulle tot groot hoogtes gevoer. Die koedoe, wat 'n baie waaksame dier is, veral wat sy agterhoede betref, jag hulle van voor. Die wildebees is weer 'n baie nuuskierige dier en die Boesman gebruik dit om die dier na sy dood te lok. Die jagter bekruip die trop en neem agter 'n boom of miershoop stelling in. Dan trek hy hul aandag deur vir 'n oomblik sy boog agter die skuiling uit te steek. Hulle kom kyk wat daar wegkruip en word dan geskiet".

### BYNAAM

Die Boesmans het ook 'n bynaam vir hul wit vriend gehad. Hulle het hom die Steenbok genoem. Hy het ook baie verhale uit hul verhaalskat leer ken en gevind dat hul skeppingsverhaal baie met ons eie ooreenstem.

# Engelse en Springbokke

★ *vervolg van bladsy 4*

het ek dikwels die indruk gekry (veral in die wedstryd op Exeter teen Devon en Cornwall) dat die Springbokke ietwat sonder plan speel. As die opposisie van 'n paar agtereenvolgende losskrums aangeval het, was die meeste van ons agterspelers uit posisie en ietwat ontsenu.

Verder het die Springbokke ook moeilik aangepas in die nat moddertoestande. Veral in die toets op Twickenham, was die Engelse spelers beslis gouer op die losballe en het hulle daarvandaan hulle aanvalle geloods.

### BETOGINGS

Wat die betogings teen die Springbokke betref, wil ek in die eerste plek my hoed lig vir die polisiemag in Engeland vir die groot taak wat hulle moes verrig. Verder het die Engelse rugby-publiek 'n byna onuitwisbare indruk op my gemaak. Hulle is welopgevoed, vriendelik en tipiese Engelse „gentlemen". Wanneer een van hierdie Engelse jou 'n handdruk kom gee uit simpatie dat jou land verloor het, en verder uit die diepte van sy hart verskoning maak vir die betogers wat op so 'n laakbare wyse optree, besef jy dat ons nog oral vriende het, of dan ten minste mense wat ons die geleentheid gun om self ons probleme op te los.

Volgende keer enkele indrukke oor die Engelse jeug, die mense in die algemeen en die Europese lande wat ek besoek het.




Al's is beter met groot, groot Coke
Coca-Cola
HANDELSMERK GEREG.
BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!
Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur: SUNCRUSH


PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

●

Tomstraat 86 Tel. 5474

CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

AGENTE VIR:

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPREPARATE
TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens

FOON 4201 TOMSTRAAT 92.

*Groot genoeg om u te bedien —*
*Klein genoeg om u te ken.*

# Kuestagangers gaan 'n opwindende feesvakansie hê

**AL GEHOOR van 'n vakansie van vyf dae in Pretoria vir net R10, sakgeld ingesluit? Nie 'n sommerso-vakansie nie, maar 'n glorieryk-feestelike vakansie!**

Om daar te kom is geen probleem nie — as die SR-bus luuks was, was die vervoer ook luuks; nou is dit ten minste doeltreffend. Die losies in die koshuise van U.P. en die Onderwyskollege sal 'n dak oor die kop wees, maar dit is nie belangrik nie want dis maar net die begin...

Die sosiale bedrywighede van die geniet-dae sal dames en here by een geleentheid tot formele drag verplig: Saterdag 4 Maart met die hoogtepunt in die Aula. Daardie aand kry die besoekers die kroon op hulle arbeid... die beste items van die afgelope paar dae word bymekaar gegooi en aangebied, die pryse word uitgedeel en 'n werklike kroon word aan die „mooiste" van die fees oorhandig. In prag en praal sal die innerlike dan ook darem versterk word.

**STERLAND**

Vir Sterland is die drag seker nie formeel nie, maar die besoek is verpligtend en hoera! die kaartjie is by die tien rand ingesluit. Die fliek-waaiers kan hulle tande slyp, want elke oggend en middag is vertonings gereël.

Die here wie se metabolisme nie onherstelbaar omgekeer is deur die vlug van 'n uur oor die Witwatersrandgebied en 'n besoek aan Waterkloof nie, kan saam met die dames 'n modeparade in die Administrateurswoning; Over-de-Vaal, bywoon wat gewaarborg is om hul harte onherstelbaar te laat.

**YSSKAATS**

Daar is kans vir almal om been-af te raak, aangesien die ysskaatsbaan besoek sal word. Ag! en as mens nie kan skaats nie, val jy saam, al is dit later in die aand, in twee duim water. En waar daar dalk op te dun ys geskaats is, kan die ridder weer sy dame se guns wen met 'n nagtelike serenade, wat met die goedkeuring en steun van alle partye aangehoor sal word.

Met 'n beklinkte sleep en sterre in die oë, is die waarborg dat die ligte verskeidenheidskonsert, waar universiteitskunstenaars sal optree o.a. die Alabama-ritmegroep, opwindend sal klink.

En as die dames dit onder mekaar uitgespook het wie die mooiste is en die wenner staan daar in volle glorie, dan móét ons darem daar wees!

Waar? Kuesta 70 natuurlik.

**Aandag...**

**Die inskrywingsvorms vir Kuesta '70 is by die Studenteraad verkrygbaar. Alle fooie is by die SR-kantoor betaalbaar. Verdere inligting kan verkry word by Stefan Grové (tel. 4639) of by die SR-kantoor.**



Die Alabama ritmegroep wat ook tydens Kuesta 70 aan die kompetisie in die kunsafdeling sal deelneem.

# GAAN LEER OM TE GRIMEER EN OM TE REDENEER

**DIE GEWONE student wat Kuesta 70 meer vir die ysskaats as die Russiese ballet sal bywoon, gaan van al die bedrywighede beslis die spesifieke kursus waarvoor hy ingeskryf het, die meeste geniet.**

Abri le Roux demonstreer hier aan tweedejaarstudente grimeerkuns vir Wanklank, 'n bewegingsdrama wat hy gedurende 1969 aangebied het as deeltydse dosent in die departement Spraakleer en Drama. (Foto: Fotokuns).



'n Groot aantal Maatskappye asook die departement van Kultuursake borg die verskillende kursusse. By die keuse van die verskillende kursusse, is die studente geraadpleeg d.m.v. vraelyste wat gedurende 1969 op die verskillende kampusse versprei is. Hieruit het 'n wye verskeidenheid onderwerpe na vore gekom. Alhoewel sekere onderwerpe meer in die belangstellingsveld van mans as dames (en omgekeerd) is, kan 'n juffrou-met-motor die motorherstelwerk kursus bywoon en 'n meneer-op-troustaan die binneshuisversieringskursus.

Inligting wat 'n mens nie sommer om elke hoek en draai sal raakloop nie, gaan die dames beslis by grimering, etiket en mannekynkursus kry, en juwele en mode-ontwerp lê naby enige studente-aster se hart!

Twee kursusse wat beslis opspraak gaan verwek is 'n Redenaars kursus: „Ons Land se Ekonomie!" Droë teoretiese feite gaan dit nie wees nie, want die onderwerpe en sprekers is:

- Die Verband tussen die politieke Stelsel en Ekonomiese Beleid van S.A. — Prof. J. A. Lombaard (U.P.)
- Die Rol van die Ekonomiese Adviseur in Beleidsbeslissing — Dr. Rieckert.
- Die Rol van die Ekonomiese Adviseur in die Sakelewe — Dr. Jacobs.
- Die Plek van die Aandelebeurs in die landsekonomie en Belegging op die Aandelebeurs — Dr. Van der Berg.

Na aanleiding van hierdie praatjies sal besprekings gehou word.

Om jou man te kan staan in hierdie besprekings sal die redenaarskursus net die regte ding wees. Op die kampus (vergaderings! vergaderings!) en in die latere lewe moet elke student weet hoe om sy saak te stel en daarvoor sal hierdie kursus sorg!

Nie net die redenaarskuns nie, maar ook menslike verhoudings en openbare optrede in konferensies en vergaderings sal bestudeer word en veral op die praktiese aspekte sal gekonsentreer word!

Uit hierdie kursusse en nog omtrent 20 meer kan gekies word, met die versekering dat diegene wat dit aanbied hulle vak ken, en die standaard baie hoog sal wees.

# KUESTA 70 WARE JAKOB VIR MEDEDINGING OP KUNS-KULTURELE VLAK

**IN 'N ONDERHOUD met mnr. Stefan Grové, die skakel tussen Kuesta 70 en die Pukkampus, het Die Wapad onder die indruk gekom van die groot moontlikhede wat hierdie fees aan die Afrikaner-student bied.**

Mnr. Grové het dit beklemtoon dat dit 'n fees vir Afrikaner-studente is dié, gereël deur hulle waar hulle die geleentheid sal kry om op nasionale, sowel as individuele vlak met mekaar te kan meeding. Soiets het nodig geword omdat daar 'n kuns-kulture leemte op die Afrikaanse universiteits- en kollegekampus bestaan.

Die A.S.B. poog om deur middel van Kuesta 70 die leiding te neem op hierdie gebied. Dit is dan ook net studente waarvan die Studenterade by die A.S.B. geaffilieer is, wat kan deelneem. Aan die universiteit of kollege wat die beste presteer sal 'n Wisseltrofee oorhandig word.

Kuesta 70 bied aan die talentvolle student geleentheid om sy kuns ten toon te stel — of dit nou batikwerk, beeldhouwerk of Russiese ballet is — op so 'n wyse dat dit onder die aandag kom van instansies wat daarin belangstel. Daardeur kan hy ook nasionale erkenning kry.

Kuesta 70 bied ook aan die student wat 'n besondere belangstelling het, en wat op sy eie kampus nie belangstellingsgenote het om 'n vereniging te stig nie; die geleentheid om met enersdenkende vriende te kontak. Hier is die moontlikhede van fotografie, diepsee-duik en klipslypery genoem. Hierdie nasionale verenigings sal dan onder die A.S.B. fungeer — maar alle Afrikaanssprekende studente sal daarby kan aansluit.

Dat daar in verband met hierdie saak probleme sal opduik, is hulle bewus van, het mnr. Grové gesê, maar hulle glo dat die behoefte om die leemte te vul groter as die probleme sal wees.

Ook van staatsweë af geniet die fees steun. Die departement van kultuursake finansier 'n groot deel van die aktiwiteite. Die belangrikste van die saak is egter dat die mislukking of sukses van Kuesta 70 van die studente sal afhang.

Mnr. Grové doen dié beroep op die Pukstudent: „Ons Pukke geniet mos die lewe en het genoeg talent om die Wisseltrofee Potchefstroom toe te bring. Val Pretoria die vakansie binne en maak Kuesta 70 'n sukses".

# MEJ. KUESTA 70 SAL 'N IDEALE SLEEP WEES

**DIE KUNSAFDELING van Kuesta 70 bestaan uit twee aspekte: 'n Kunsfees en Kunsuitstallings. Die Kunsfees is gerig op die uitvoerende kunste. Hier word elke moontlike kunsvorm gedek. Inskrywingsfooie is gering en die kompetisie is op interkollege en -universiteitsvlak asook individuele vlak georganiseer.**

Dit sluit in:

Sang (solo's, duo's, trio's, kore),
Instrumentaal (viool, klaviere, fluite, ghitaar, tjello, trompet, dromme ens.),
Danse (ballet, spaanse danse, klop danse, moderne ballet, Russiese danse, Poolse danse, Hongaarse danse, Indiese danse, Hawaise danse ens.),
Drama, Voordrag, Skaak en redenaarskuns.

'n Spesiale afdeling is die Letterkundige afdeling. Enige ongepubliseerde stukke (dit sluit die Studentepers uit) soos dramas, poësie en kortverhale, kan ingeskryf word.

By die kunsuitstallings word elke vorm van die beeldende kuns ingesluit. Kunswerke wat daar ingeskryf word sal uitgestal word en te koop aangebied word aan die publiek. Kunswerke kan ook per pos gestuur en ingeskryf word teen 'n inskrywingsfooi van R1.50. Hierdie uitstallings word deur maatskappye geborg, terwyl die Rembrandtgroep uitstalling 'n deel van die kunsuitstalling sal vorm.

Die beoordeling word deur die Kuesta '70-bestuurslede georganiseer en die beoordelaars sal van hoogstaande gehalte wees.

'n Interessante kompetisie en sekerlik 'n unieke een, is die verkiesing van „Mej. Kuesta '70". Dié jong dame sal 'n Afrikaanse student moet wees en vir 'n kursus ingeskryf wees.

Die beoordeling sal plaasvind op grond van

natuurlike Skoonheid,
persoonlikheid en vriendelikheid,
normale intelligensie,
houding en
kennis van die Afrikaanse kultuur en die A.S.B.

Kortliks: Daar word na die prototipe van die moderne Afrikaanse jong dame gesoek — die aster met wie 'n Afrikaanse ou baie graag sou wou sleep!

Die pryse in al hierdie afdelings is baie aanloklik. Vir die skoonheidskompetiise is die pryse 'n Groot Verrassing terwyl die ander die Wisseltrofee insluit, asook 'n Otto Bach klavier, 'n Rollei 35 mm. kamera, 'n toer na die Krugerwildtuin, koopbewyse en vir die fotograwe 'n Zeiss-Ikon voigfleander Viforet kamera. Die nasionale erkenning wat die kunstenaars sal kry, sal sekerlik die grootste aantrekkingskrag wees.

## KOSHUISLIGA

**KRIEKETPUNTESTAND**

| | G | G | V | O | T |
|---|---|---|---|---|---|
| Dorp | 4 | 3 | 0 | 1 | 16 |
| Drakenstein | 3 | 2 | 0 | 1 | 11 |
| Over de Voor | 4 | 2 | 2 | 0 | 10 |
| Kompleks | 4 | 2 | 2 | 0 | 10 |
| Hombré | 3 | 1 | 2 | 0 | 5 |
| Dawie Dup | 4 | 0 | 4 | 0 | 0 |

# *INTERESSANTE FEITE OOR SKERM VIR DIE ONINGELIGTES*

Elsabe van Wyk

**VIR DIE P.U. Skermklub gaan 1970 'n baie suksesvolle jaar wees. Aangesien die Skermklub verlede jaar op toernooie besonder goed gevaar het, is die vooruitsigte vir 1970 uitstekend. Die klub gaan binnekort elektriese apparaat aankoop, sowel as meer uitgebreide afrigting ontvang t.o.v. al drie die wapens.**

Die Skermklub beskik oor twee soorte oefenwapens, nl. die floret en sabel. 'n Derde wapen, die Epée (Degen) gaan ook vir die klub aangekoop word.

Die vasgestelde kleredrag wat vereis word vir toernooie, is 'n skermpak. Hierdie skermpak bestaan uit 'n wit, uitgevoerde baadjie wat met 'n V-lyn voor afloop tussen die bene. Die broek (ook wit) is wyd bo vir gemaklike beweging en die pype reik tot onder die knie waar dit met 'n gespe vasgemaak word.

Die uitrusting word volledig afgerond met 'n masker wat die gesig en kop beskerm en die floret of sabel, waarmee geskerm word.

### SKYFGEBIED

Wanneer die „tweegeveg" plaasvind, neem die twee opponente hulle plekke teenoor mekaar in.

Waneer met 'n floret geskerm word, is die skyfgebied die bo-deel van die persoon se lyf en die V-lyn op die skermbaadjie dui die skyfgebied aan. Verder tel die persoon se rug ook as die skyfgebied. Die floret het geen snykante nie en daar kan dus slegs na mekaar gesteek word en nie gekap word soos in die geval van 'n sabelgeveg nie.

Wanneer nie met elektriese apparaat geskerm word nie, is daar by floret-, sowel as sabelgevegte, vier hoekregters en 'n president teenwoordig.

Indien daar met sabels geskerm word, is die skyfgebied die bolyf, arms en kop van die persoon. Ook hier word 'n masker gedra. Die sabel het twee snykante en daar word dus meesal na die opponent gekap.

Die sabel het egter ook 'n skerp punt en daar kan ook na die opponent gesteek word — die opponent word gewoonlik verras wanneer daar na hom gesteek word terwyl hy gereed was om 'n kapbeweging af te weer!

### TYDSBEPERKING

Daar is geen tydsbeperking aan die duurte van 'n tweegeveg nie. In die meeste gevalle skerm dames vir die beste punte uit 5 en mans vir die beste punte uit 9 — m.a.w. in die geval van dames, het die een wat eerste 5 punte teen die ander persoon aangeteken het, die geveg gewen.

Elke keer wanneer 'n persoon binne die skyfgebied raakgeskiet word, tel dit een punt teen die een wat raakgesteek is. Dit gebeur ook dikwels dat die persone gelykop uitskerm, m.a.w. 4 punte elk. Aangesien daar altyd 'n wenner moet wees, begin die geveg weer van vooraf. Die persoon wat egter nou daarin slaag om eerste 'n punt teen die ander aan te teken, wen die geveg.

Die vier hoekregters hou die skyfgebiede van die skermers dop en elke keer wanneer 'n persoon raakgesteek word, of dit nou binne of buite die skyfgebied was, steek die hoekregters hulle hande op en die geveg word tydelik beëindig. Die president ontleed dan eers die geveg en besluit of daar punte toegeken gaan word of nie. Die president se beslissing is finaal.

Wanneer daar gedurende die geveg eers buite die skyfgebied aangeval is en daarna binne die skyfgebied, word die geveg ook deur die president beëindig en daar is geen puntetelling nie. Ook wanneer die twee opponente mekaar gelyktydig aangeval het en selfs al was dit binne die skyfgebied, is daar geen punte nie en die geveg begin weer. Bg. twee gevalle kan herhaaldelik voorkom en die geveg word dus tot vervelens toe beëindig en voortgesit.

Indien daar met elektriese apparaat geskerm word, is daar gedurende die geveg geen hoekregters nie, slegs 'n president. In hierdie geval is daar 'n elektriese apparaat met onderskeie liggies wat aangaan indien 'n persoon binne of buite die skyfgebied raakgesteek word. Dit is dus baie meer akkuraat as in die geval waar die hoekregters die geveg moet dophou, aangesien hulle oë nie altyd die geveg so vinnig kan volg nie.

### AKADEMIESE GEVEG

Interessantheidshalwe kan miskien net iets gesê word oor die akademiese geveg (skerpgeveg) wat in Duitsland voorkom. Mnr. Hennie de Villiers was onlangs oorsee en het hierdie skermsoort gedeeltelik aangeleer. Dit is nog nie in Suid-Afrika bekend nie en alvorens dit hier verkry word, sal die regsgevolge daaromtrent eers uitgevind moet word. Hoewel daar ook oefenwapens bestaan vir hierdie skermsoort, word die regte wapens meer dikwels gebruik.

In die geveg self, staan die twee partye teenoormekaar en op bevel van die president begin hulle om houe te wissel. Die lyf word met 'n leerbaadjie beskerm en 'n staalbril beskerm die neus en oë volledig.

Daar kan nie soos in gewone skerm na mekaar gemik word nie — daar mag slegs om die beurt geslaan en gekeer word. Een geveg bestaan uit 30 rondtes — en dit verg mannemoed!

# Kafeteria is deur premier geopen

Een van die min kafeterias in die land wat deur 'n Eerste Minister geopen is, staan hier op die Puk. Op 2 Augustus 1956 het oorlede Adv. J. C. Strydom die lafenis ontsluit wat so nodig is as 'n mens goed wil aandag gee.

Dis ook toe dat oom Naas en Tannie van Rooyen 'n deel van die studentegemeenskap geword het en op hul ervare manier die kasregister laat syfertaal begin gesels het. „Dit was veertien jaar gelede en sedertdien het 'n paar geslagte studente al hul kele onder die koeltebome kom natmaak," vertel oom Naas.

Al wat student is, stem saam dat as 'n mens moeg word om so aanhoudend klas te draf, 'n koue koeldrank darem uithaler geselskap is. Die kafeteria is lekker informeel georganiseer vir selfhelp, met slegs dié voorwaarde dat studente 'n draai by die toonbank maak voordat hulle verdwyn.

Die buitemuurse studente vind die kafeteria 'n groot aanwins, veral na 'n warm aandsessie in die lesingsale. Natuurlik is daar griewe oor dinge wat nie daar te vinde is nie, maar soos 'n mens nou maar is, raak jy maar gewoond aan seëninge.

Daar is egter ook ander en miskien meer verhewe vlakke waar die kafeteria se heilsame invloed wel deeglik gevoel word. As 'n mens so lekker terugleun met 'n koeldrank en die duiwe koer bo die boom met die snaakse naam en 'n vriendelike briesie stuif teen jou aan en al die probleme van ons ondermaanse bestaan voel so ver weg soos die volgende lesing, dan besef jy watter goeie uitwerking onverhaasde ontspanning op die mens se gees het.

Dis miskien onder hierdie einste bome dat 'n nuwe teorie mag ontstaan, wat die wêreld weer van vooraf die kop sal laat krap. Die mens wil mos altyd iets hê om aan te peusel (hoe lyk dit met een van daardie groot happe van die Bult).

Die kafeteria bied ook gulde geleentheid aan student en proffie om in die regte atmosfeer 'n koppie tee saam te drink en die probleme (of sal 'n mens sê die uitdaging) van die Akademie op sy kop te slaan.

Ongetwyfeld het die kafeteria die sosiale spil geword waarom die Puk draai, want dit is hier waar vriendskappe gesluit en slepe beklink word. Soms word dit ook as slaapplek gebruik om die dore van ons uitermate oorspronklike belangstelling te verseker.

Dan is daar ook die plakkate wat die kontinentale atmosfeer verhoog en die studente inlig oor waar hulle volgende keer die altyd teenwoordige roepstem na die boeke kan uitdoof. Kortom, die ideale stukkie Puk-aarde waar die mens (studente is ook mense) op 'n gesofistikeerde wyse sy sosiale aard kan uitleef.

Al hierdie dinge dwing 'n mens om 'n pleidooi te lewer dat as die nuwe studente-sentrum verskyn, ons nie die ongerepte natuur met chroombeslag, lugverkoelers en prentjies van diere op die mure sal uitsluit nie. Dan sal die Puk se vooruitgang op alle gebiede ongestremd sy ontstaan kan terugvolg na daardie koeldrank in die hand, daardie nuwe teorie wat die wêreld sal laat kop krap en daardie duif in die boom.

# W.-Tvl. Stoeikampioenskappe vanaand in Totiussaal

**VIR DIE eerste keer in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. word 'n provinsiale amateur stoeikampioenskap hier aangebied. Dit is ook vir die eerste keer dat Wes-Transvaal 'n eie kampioenskap aanbied, daar hulle pas van Suidwes-Transvaal afgestig het.**

Die nuwe provinsie beskik oor 'n hele aantal Suidwes-Transvaal kampioene wat ook internasionaal presteer het, deurdat hulle oorwinnings behaal het oor verlede jaar se besoekende Switserse span. Een van die sterkste stoeiklubs in Wes-Transvaal, Stilfontein, beskik oor 'n Springbok in die persoon van mnr. Aalwyn Visser. Boetie Jacobs en Boetie van der Walt het tweede en eerste plekke onderskeidelik behaal in hulle gewigsafdelings op die pas afgelope S.A. spele. Beide is van Stilfontein.

Die Pukke beskik self oor 'n sterk span en behoort 'n hele paar gewigsafdelings in te palm. Die eerstejaarstudente het die Puk-span aansienlik versterk, soos o.a. Kosie Ferreira wat die huidige S.A. junior kapokgewigkampioen is en dan Johan Lemmer, gewese S.A. junior kampioen en verlede jaar saam met 'n Suid-Afrikaanse stoeispan na Suid-Amerika was.

Vrydagaand 6 Maart vind die uitdunnings om 7 nm. plaas in die Totiusgedenksaal, op die terrein van die P.U. vir C.H.O. Die finale gevegte word Saterdagaand 7 Maart op dieselfde tyd en plek beslis.

**DIE**

**INSLEEP RESTAURANT**

**WAARHEEN ALMAL SLEEP**

**Koshuisbestellings: 6039**




Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

# Rekords spat op Puk atletiek-kampioenskappe

**KLAWERHOF SE DAMES en die mans van die Dorp het as oorwinnaars uit die stryd getree by die P.U.-atletiekkampioenskappe, wat Woensdag gehou is. Ten spyte van die vreeslike hitte wat op atleet en toeskouer neergebak het, was die byeenkoms baie suksesvol. Die kompetisiegees was hoog ook omdat dit 'n inter-koshuisbyeenkoms was.**

Heelwat universiteits-rekords het gespat en ons kan bo-aan Johan Hunter se pragtige rekord van 15.18 meter vir die mans driesprong noem. Dit is 'n verbetering van amper 2 meter van die vorige rekord. Hy het ook gesorg vir 'n rekord in die verspring vir mans toe hy die 7.1 meter merk gehaal het.

Ons langafstand atleet, Fanie van Zyl, het nie net vir 'n nuwe rekordtyd van 3 min. 55.8 sek. gesorg nie, maar het ook in 'n naelloper ontpop en derde geëindig in die 200 meter vir mans. Mike van Eeden, 'n ou bekende op die Puk, het die spiesgooi rekord verbeter, maar beter afstande is alreeds deur hom behaal. In die 1,500 meter stap het J. Holtzhäuzer op die voorpunt geëindig.

Jan Pienaar het Willie Coetzee se rekord vir onder 19 mans oor die 400 meter met .6 sek. verbeter na 51.3 sek. In die 1,500 meter vir mans onder 19 het Francois Schutte gesorg vir 'n puik vertoning en die tyd van 4 min. 12.6 sek. verminder na 4 min. 4.0 sek. Konki van der Walt het die onder 19 mans 'n rekord besorg toe hy die 100 meter in 11.3 sek. afgelê het.

In die paalspring vir mans het Kobus van der Kolf telkens oor die dwarslat geseil tot op 'n hoogte van 3.87 meter wat .05 meter beter is as die vorige rekord.

By die dames het ons veral Ruanda Jacobs, 'n nuweling op die Puk, sien presteer. Sy het pragtig onder die ander dames uitgenael en die 100 meter sowel as die 200 meter in rekordtye van 12.4 sek. en 25.7 sekondes onderskeidelik gewen.

'n Nuwe uitblinker, Hybré de Lange, het gesorg dat daar weer eens 'n rekord spat en wel by die hoogspring vir dames — die hoogte was 1.49 meter. Sy het ook baie goed vertoon in die 100 meter hekkies en het tweede geëindig na Ria van den Berg. Ria het die mooi tyd van 14.7 sek. vir dié item opgestel en sy het ook gesorg dat die verspring rekord vir dames van 6.7 meter verskuif na 7.1 meter.

Bea Marais het oudergewoonte die 800 meter en die 400 meter gewen en weer eens is Puk rekords verbeter na onderskeidelik 2 min. 16.7 sek. en 60.2 sekondes. Anna Venter wat as gevolg van 'n armbesering nie meer mag deelneem nie, het die spiesgooi gewen toe sy vier gooie gewaag het en 'n afstand van net oor die 39 meter gehaal het. In die skyfwerp en die gewigstoot het mej. C. Malan weer eens skoonskip gemaak. Die afstand vir die skyfwerp was 43.79 meter en vir die gewigstoot 11.78 meter.

Die byeenkoms is opgeluister deur die stem van ds. Lamprecht wat die aankondigings oor die mikrofoon gedoen het. Die puik organisasie van mnr. Gert Scholtz, die hulp van mnr. Piet Malan en mnr. Piet Brandt sowel as die teenwoordigheid van mnr. B. Geyser in die hoedanigheid van afsetter, het van die byeenkoms 'n reuse sukses gemaak.

Die Pukke is nou weer met nuwe ywer begeester en heelwat meer atlete oefen in die middae gereeld onder die toesig van die afrigters. As hierdie gees volgehou word, kan die Puk vanjaar miskien baie beter presteer op die Dalrymple wat aan die einde van die jaar gehou sal word.



**Hansie Booysen is hier besig om met een van sy kragtige pogings met die ander Pukatlete af te reken. Hansie is vinnig om in ouboet Dawid se voetspore te volg deur in 'n staatmaker atleet van die Puk te ontwikkel. (Foto: Fotokuns).**

### EWENAAR REKORD

**Jan Holtzhauzen is een van die Puk se nuwe atlete en wat op die afgelope P.U.-atletiekkampioenskappe Springbok hekkies atleet se rekord geëwenaar het met 'n goeie tyd van 14.5 sek. (Foto: Fotokuns).**



# POTE VERNIEL DEUR GOEIE BOULWERK

**VERLEDE WEEK het die eerste krieketspan van die Puk behoorlik met Pote afgereken deur hulle met 'n beurt en 27 lopies te klop.**

Die Puk het eerste gekolf en 180 lopies aangeteken waarvan Jos Coetzee 45, Nico Breedt 39, en Phillip Schlebusch 34 aangeteken het.

In antwoord hierop kon die Pote slegs 83 lopies in hul eerste beurt aanteken, nadat hulle op een stadium 80 lopies vir 3 paaltjies was. André Laas, Sias Willemse en Anton Welman het die skade met die bal aangerig.

In hul opvolgbeurt kon Pote slegs 70 lopies bymekaar maak. Hennie van Vuuren het met 3 paaltjies die rug van die Pote gebreek, terwyl André Laas en Anton Welman die ander paaltjies geneem het.

André Laas se puik kapteinskap en veldplasings was 'n kenmerk van die wedstryd, terwyl Hennie van Vuuren verlore prestige hermin het met uitstaande boulwerk.

## Taaibos gunstelinge teen Over de Voor

Die jaarlikse botsing tussen Over de Voor en Taaibos vind vanjaar op die 14e Maart, in Pretoria plaas.

Verlede jaar het Over de Voor koning gekraai op hul tuisveld. Gesien in die lig dat die tuisspan nog elke keer die oorwinnaars was, draf Taaibos as gunstelinge op die veld. Over de Voor daarenteen is vasbeslote om die jaar die bordjies te verhang en Taaibos op hul tuisveld te klop.

Kompleks is van voorneme om vanjaar teen Maroela, ook 'n koshuis van Tuks kragte te meet. Die finale datum is egter nog nie gefinaliseer nie.

# PUK VER VOOR IN SATERDAGLIGA

**PUK SE EERSTE SPAN het die afgelope paar weke vier skitterende oorwinnings behaal in die Wes-Transvaal Krieketliga en be klee daarmee die hoogste plek in die Saterdagliga, met tien punte bo hul naaste teenstanders. Hulle staan nou ook 'n goeie kans om die gesamentlike liga te wen.**

Dit is 'n baie goeie prestasie as in ag geneem word dat die Puk se wedstryde slegs oor agt speelure beslis is, terwyl die wedstryde in die naweek liga, elf ure geduur het en daar dus 'n baie groter kans was vir 'n voluit oorwinning.

In die wedstryde teen Milner Old Boys en Stewartby het Puk beurt oorwinnings behaal.

Die Puk het verlede Saterdag vriend en vyand verras deur met Stilfontein die voorbokspan in die Wes-Transvaal gesamentlike liga af te reken op die eerste beurt.

Nadat die Puk die vorige Saterdag 194 lopies in hul eerste beurt aangeteken het, slaag hulle daarin om die sterk kolfspan van Stilfontein vir slegs 149 lopies uit te haal.

Die beste kolwers in die Puk span was Richard Langridge met 82, André Laas 28, Nicvo Breedt 21 en Sias Willemse 20. Phillip Schlebusch kon slegs 16 lopies aanteken nadat hy op 'n ongelukkige wyse uitgegee is.

GOEIE KOS !
FLINKE DIENS !
u tevredenheid is ons PLESIER !
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)